Together we stand, better nation we build
Saamstaan ons, beter nasie bou ons

LONGACRES


GIVE, GROEI, PERSISTO

# Blitz Nuus

11 Januarie 2024 Nuusbrief 1

1 PETER 1:31

"May the God and Father of our Lord Jesus Christ be blessed! On account of his vast mercy, he has given us new birth. You have been born anew into a living hope through the resurrection of Jesus Christ from the dead."



## KALENDER 2024

Die kalender vir 2024 is alreeds verlede jaar uitgestuur en sal weer die week uitgestuur word. So gou as wat die harde kopieë reg is sal ons dit aan die leerders deurgee.

## DAG 1

Ons kan net dink hoe opgewonde die ouers moet wees vir die aanvang van die nuwe skooljaar. Soos uiteengesit in ons kalender 2024, gaan die leerders in Grade 1, 4, 7, 10, en 12 se eerste-dag foto's die 16de Januarie 2024 geneem word. Ons skool sal amptelik die **15de Januarie 2024** op **Dag 1** van die skoolrooster begin. Op die **15de** word die **ouer-onderwysersaand** vir die **Intermediêre fase ouers Gr 4-7** aangebied wat om 17:00 in die Seeskulpie Saal begin. Daarna sal die ouers na hulle onderskeie registerklasse beweeg. Die **Grondslagfase ouers** sal direk om 17:00 na die onderwysers se klasse beweeg en die Hoërskool se ouers sal om 17:30 na die Seeskulpie Saal beweeg en daarna na die registerklasse.

## SKOOLURE 2024

- Gr 1-12 leerders: Skooldag begin om 07:45.
- Gr 1-2 leerders verdaag daagliks 13:00.

- Gr 3 leerders verdaag vanaf Maandae tot Donderdae om 14:00 en Vrydae om 13:00.
- Graad 4-12 leeerders verdaag daagliks om 14:00.

**Belangrike datums:**

- **Die week van die 15de Januarie begin ons met Week 1 Dag 1 op die skoolrooster.**
- Laerskool atletiek 23-25 Januarie 2024
- Hoërskool atletiek 25-26 Januarie 2024

## ATLETIEK 2024

Die atletiekseisoen sal op die eerste dag van skool begin. As gevolg van die inter-huis atletiek wat in Week 3 plaasvind, wil ons die leerders genoeg tyd gee om te oefen en selfvertroue te wen. GEEN ATLETIEKOEFENING SAL MAANDAG DIE 15DE JANUARIE PLAASVIND NIE AS GEVOLG VAN DIE OUERAAND.

**Hierdie jaar gaan ons iets nuut probeer. Met die spanne wat uit klein groepe bestaan, het ons besluit om die leerders in net twee spanne, vir nou, in te deel tot ons hulle weer in 3 kompeterende groepe kan indeel. Die leerders word in hierdie groepe volgens hulle vanne ingedeel.**

**<u>Vanne wat begin met:</u>**

**A-L Valke (Groen)**

**M-Z Kobras (Geel)**

Die Graad 1-3 leerders sal gedurende skoolure op hulle L.O dae oefen. Die klasonderwysers sal met die ouers die nodige inligting op hulle WhatsApps groepe deel.


| | Dinsdae | Woensdae | Donderdae |
|---|---|---|---|
| 13:15-14:00 | | | |
| 14:30 | Gewigstoot HS | Gr 3-7 Naellope<br>Gr 8-12 Naellope | Gewigstoot HS |
| | Hekkies PS | HS Hekkies<br>PS Diskus | Hekkies PS |
| 15:00-15:30 | Verspring HS | PS Verspring | Verspring HS |
| | HS Hoogspring | Hoogspring PS | HS Hoogspring |
| | | PS Gewigstoot | |
| | HS Spiesgooi | Spiesgooi PS | HS Spiesgooi |
| 15:30-16:00 | Langafstande PS | HS Langafstande | Langafstande PS |
| 15:30-16:00 | Hamergooi | HS Diskus | Hamergooi |

## SKOOLKWARTALE 2024


| Kwartaal | Duur | Aantal weke |
|---|---|---|
| 1 | (8) 10 Jan – 13 Mrt | 10 |
| 2 | 3 Apr – 14 Jun | 11 |
| 3 | 9 Jul – 20 Sept | 11 |
| 4 | 1 Okt – 5 (7) Des | 10 |

## SNOEPIE

GEEN KONTANTVERKOPE – KAARTJIES MOET VOOR OF NA SKOOL GEKOOP WORD.







Ouers ons vra dat julle asseblief **LINKS** sal draai wanneer julle die skool in die oggende en middae verlaat, dit help met veiligheid en dat daar nie 'n opeenhoping van verkeer ontstaan nie.

## ATKV REDENAARS

### ATKV Redenaarstemas vir 2024:

Die interne redenaars van die skool gaan alreeds op die 5de Februarie plaasvind. Die tyd is min, so die wat nog nie begin voorberei het nie, moet asseblief nou begin voorberei. Verdere reëlings sal aan die betrokke leerders deurgegee word.

| | |
|---|---|
| Temas vir **Graad 1-3 (2-4 min)**<br>• Teken<br>• Sprokies<br>• Oorlosie | Temas vir **Graad 8 en 9** Voorbereid (**5-7** min) Onvoorbereid (**4-6** min)<br>• Kantlyn<br>• Meulsteen<br>• Boekmerk |
| Temas vir **Graad 4 en 5 (3-5 min)**<br>• Grond<br>• Kamma<br>• Foto | Temas vir **Graad 10-12** Voorbereid (**5-7** min) onvoorbereid (**4-6** min)<br>• Metafoor<br>• Visie<br>• Paradoks |
| Temas vir **Graad 6 en 7** Voorbereid (**4-6** min) Onvoorbereid (**1-4** min)<br>• Kompas<br>• Wekker<br>• Waag | |

## 3 MAANDE KENNIS

Alle ouers moet 3 maande skriftelik kennis gee as die kinders die skool gaan verlaat. Ek het 'n oopdeur beleid en vra vriendelik dat ouers eers met my 'n vergadering reël, voordat u formeel kennis gee.

**Vriendelike groete,**

**Mnr Edmund Barkhuysen**

**Skoolhoof**

**hoof@longacresps.co.za**

## CCTV KENNISGEWING



Longacres is onder 24h CCTV bewaking vir die veiligheid van die leerders en opvoeders. Hierdie toesig word gedoen in ooreenstemming met toepaslike Nasionale Wetgewing en vereistes om die privaatheid en integriteit van leerders, werknemers en algemene publiek, wat die Longacres perseel binnekom, te verseker.

## OOV




## NASORG

# 2024 LONGACRES NASORG

| | | |
|---|---|---|
| Graad 1 | Ellisia Steyn | 076 170 9705 |
| Graad 2 | Marizka Liebenberg | 074 072 2231 |
| Graad 3 & 5 | Alida Kruger | 071 868 8596 |
| Graad 4 | Erika Theunissen | 072 010 2655 |
| Graad 6 – 7 | Sorika Loubser | 082 312 7005 |
| Graad 8 - 12 | Janetta | - |

**Ouers moet kinders by die huiswerksentrumklas kom haal. Geen kind word vorentoe gestuur nie.**

Die grondslagfase sal aan die linkerkant van die rugbyveld speel en die Seniorfase sal aan die regterkant van die rugbyveld speel. Alle leerders moet asseblief ‘n potlood, liniaal en uitveër saambring. Stuur asseblief ook enige ekstra-kurrukulêre aktiwiteite na die huiswerksentrum.